RAADSBELEID

ONDERWERP : INDIENS- EN VAKLEERLINGOPLEIDING

VERWYSING : 4.4.R

BESLUIT NR : 13.16/03/2003 DATUM : 31 Maart 2003

BELEIDSOOGMERK : Om indiens- en vakleerlingopleiding van personeel van die Raad te reguleer.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS
Die Raad streef daarna om ‘n goed gekwalifiseerde werkerskorps daar te stel.

RIGLYNE

1. Alle versoeke om indiensopleiding sal deur die Direkteursvergadering goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

1.1 Sodanige indiensopleiding kan alleenlik by 'n goedgekeurde/geakkrediteerde instelling op Raadskoste deurloop word.

1.2 Waar sodanige opleiding op 'n blokkursusbasis deurloop moet word en die werknemer die kursus op Raadskoste bywoon, sal sodanige opleiding tot 'n maksimum van **3 (drie) maande** beperk word.

1.3 Vir opleidingstydperke van langer as **3 (drie) maande**, sal die werknemer ooreenkomstig die reëls van die studiehulpskema, studiehulp ontvang.

1.4 Indien 'n werknemer tydens indiensopleiding aan eksaminering onderwerp word en sodanige werknemer nie die kursus/vak slaag nie, sal die opleidingskoste, indien enige, deur die werknemer aan die Raad verskuldig wees.

1.5 'n Opleidingsooreenkoms moet met die werknemer aangegaan word om die opleidingskoste, wat salaris insluit, van die werknemer te verhaal, ooreenkomstig die volgende formule en voorwaardes:

Opleidingskoste bo R 5 000,00 per jaar	-	1 jaar (365 dae) kontraktuele verbintenis.
Opleidingskoste bo R10 000,00 per jaar	-	2 jaar (730 dae) kontraktuele verbintenis.

2. Alle versoeke om vakleerlingopleiding moet deur die Direksievergadering goedgekeur word. onderhewig aan die volgende voorwaardes:

2.1 Daar moet 'n vakature vir 'n vakman op die diensstaat van die Raad bestaan.

2.2 Die geïdentifiseerde werknemer moet oor 'n N2 of gelykwaardige kwalifikasie beskik.

2.3 Die werknemer moet reeds die nodige opleiding ondergaan het, maar moet nog 'n vaktoets aflê of het sodanige toets gedruip;

óf

die werknemer moet reeds oor die nodige praktiese ervaring beskik wat deur die betrokke Opleidingsinstansie as voldoende gesertifiseer word.

2.4. 'n Opleidingsooreenkoms moet met die werknemer aangegaan word om die opleidingskoste, wat salaris insluit, van die werknemer te verhaal, ooreenkomstig die volgende formule en voorwaardes:

Opleidingskoste bo R 5 000,00 per jaar	-	1 jaar (365 dae) kontraktuele verbintenis.
Opleidingskoste bo R10 000,00 per jaar	-	2 jaar (730 dae) kontraktuele verbintenis.

3. Indien ‘n werknemer die vaktoets slaag:

3.1. Die werknemer verbind hom/haarself om na die aflegging van die vaktoets in diens van die Raad te bly vir die ooreengekome kontraktuele tydperk.

3.1.2 En indien die werknemer, om welke rede ookal, voor verstryking van die ooreengekome tydperk die diens van die Raad sou verlaat, sal sodanige werkgewer verplig wees om uitstaande kostes deur die Raad aan hom/haar bestee, terug te betaal.

4. Indien die werknemer die vaktoets druip:

4.1 Die werknemer onderneem om die vaktoets binne die volgende **12 (twaalf) maande** op eie koste te herhaal.

4.2 Indien die werknemer geen van die voorgenoemde vaktoetse slaag nie, alle koste vir opleiding om die vaktoets te kon aflê, van die werknemer verhaal word.

4.3 Die werknemer verbind homself om, na die aflegging van die vaktoets, vir die ooreengekome kontraktuele tydperk in diens van die Raad te bly.

4.4 Die opleidingskoste ooreenkomstig bovermelde formule, sal jaarliks met dieselfde persentasie soos van toepassing op die salarisbegroting, aangepas word.

5. Die werknemer kwalifiseer nie vir dagtarief (volgens beleid op Reis- en Verblyfkoste) nie.

<u>PROSEDURE</u>

1. Alle versoeke om indiensopleiding of vakleerlingopleiding moet by die Direksievergadering goedgekeur word.

2. ‘n Kontrak word deur die werknemer gesluit.

2.1 Indien die werknemer, om welke rede ookal, voor verstryking van die ooreengekome tydperk die diens van die Raad sou verlaat, sal sodanige werkgewer verplig wees om uitstaande kostes deur die Raad aan hom/haar bestee, ooreenkomstig die volgende formule, terug te betaal:

$$(A \div C) \times B = X$$
$$A - X = Z \text{ (Bedrag betaalbaar)}$$

Waar:

A	=	Bedrag bestee aan die opleiding van die werknemer
B	=	C minus aantal dae wat werknemer reeds voltooi het na suksesvolle aflê van vaktoets
C	=	Termyn van ooreenkoms uitgedruk in dae, byvoorbeeld 365 dae
X	=	Bedrag reeds teruggewerk deur werknemer.

2.2 Hierdie ooreenkoms is van toepassing op elke afsonderlike kursus of blokkursus wat bygewoon moet word. Genoemde periode sal bereken word vanaf die eerste dag van die maand wat volg op die maand waartydens die vaktoets suksesvol afgelê is. Indien meer as een termyn ter sprake is, sal die periodes agtereenvolgens voltooi word.

3. Die betrokke Direkteur/Hoof moet vooraf vir voorgenome opleiding begroot.

4. Die behoefte om ‘n werknemer met indiens- of vakleerlingopleiding te stuur moet vooraf met die Subdirektoraat Menslike Hulpbronne uitgeklaar word.

5. Albei gevalle moet vir goedkeuring aan die Raad voorgelê word.

6. Hierdie opleiding moet in lyn met die Raad se vaardigheidsontwikkelingsplan toegepas word ooreenkomstig die *"Skills Development Act"* en die *"Skills Levies Act"*.

ROLLE

Munisipale Bestuurder, Direkteure, Afdelingshoofde en Subdirektoraat Menslike Hulpbronne.

VERWANTE BELEID

1. Vaardigheidsontwikkelingsplan
2. Skills Development Act
3. Skills Levies Act
4. Studiehulpbeleid.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband herroep word.